



16 Days of Activism

For no violence against Women and Children

25 November to
10 December 2015



Liturgiese voorstelle vir 16 dae van aktivisme vir geen geweld teen vroue en kinders

Oproep tot gebed: Geneem uit 'n brief van die Ekumeniese Skakelkommissie: VGK Bloemendal & NGK Somerstrand, gedateer 14 Februarie 2012:

Ons is oorweldig deur die statistieke wat beweer dat daar elke vier minute in Suid-Afrika 'n vrou verkrag word, dat 'n vrou in SA 'n beter kans het om verkrag te word as om te leer lees. Soos wat prof Denise Ackermann reeds in 1997 gesê* het: ***A war is being waged against the bodies of women and children in this country. This is both a theological and a pastoral issue - one on which the church's silence is obscene.***

Ons kan nie langer stilbly nie. As lede van die Liggaam van Christus (1 Kor 12:27), weet ons "wanneer een lid ly, ly al die lede saam" (1 Kor 12.26). Ons roep alle lede van die Liggaam van Christus op om hulleself uit te spreek, om saam met ons te sê: "Genoeg!" Vroue en kinders is kosbaar, bedoel om gerespekteer te word as geskape na die beeld van God, nie om gebruik en misbruik te word nie.

- Ons bid vir die veiligheid van elke vrou en kind in ons land.
- Ons bid vir alle gelowige mans, dat hulle Christus se omgee-liefde sal beliggaam; dat hulle nooit 'n hand teen enige vrou sal lig nie, maar vroue sal respekteer as mede-lede in Christus se liggaam.
- Ons bid vir elke oorlewende van seksuele en huishoudelike geweld. Mag hulle genees word, fisies en emosioneel.
- Ons bid vir die Kerk, dat ons die oorlewendes van seksuele geweld liefdevol sal versorg en saam met hulle sal staan teen alle magte wat hulle wil stilmaak of beskaam.
- Ons bid vir die mans wat hierdie gruwelike misdade pleeg, dat God hulle sal vergewe, maar ook dat reg en geregtigheid sal geskied.
- Ons bid vir die regering, dat hulle hierdie misdade sal sien vir die gruweldade wat dit is en dat hulle sal werk om 'n veilige, regverdige samelewing te vestig.

Ons roep ons mede-lede van die Liggaam van Christus op om hul stemme by ons s'n te voeg, om saam met ons te bid en saam met ons op te staan.

* Ackermann, D 1997: Forward from the margins: Feminist theologies for life. *Journal of Theology for Southern Africa*, 99 (November 1997): 63-67

Gebed: (Charlene vd Walt opgeneem in *Woord & Fees 2013-2014, uitgegee deur BM*)

Skeppergod, U skep die aarde en alles daarop.
U skep alles in verhouding tot mekaar en U skep alles goed.

U skep man en vrou na u beeld en seën beide.
Help ons om u beeld te sien in hulle wat ly as slagoffers van geweld.
Help ons om die gesig van geweld te herken in ons midde veral as dit 'n
gewoon-alledaagse masker dra.
Help ons om geweld teen te staan
en om slagoffers van geweld met menswaardigheid te hanteer.
Help ons om te besef dat ons na u beeld geskep is.
Help ons om in Jesus se voorbeeld te volg en om telkens te soek vir
lewegewende alternatiewe tot geweld.
Help ons om geweld te beveg in die MIV en vigs-era omdat
dit voorkoming belemmer en effektiewe behandeling teenstaan.
Ons bid dit met vrymoedigheid in die naam van Jesus Christus.
Amen.

Geloofsbelydenis / Aansteek van Advents- of Christuskers: *(Samevoeging van twee gebede deur Charlene vd Walt geskryf en opgeneem in Woord & Fees 2013-2014, uitgegee deur BM)*

Ons verwerp alle vorme van liefdeloosheid en haat, geweld en ontmensliking
omdat ons glo in God die Vader.
Die Een wat die wêreld geskep het en wat dit daaglik onderhou.
Die God wat alle mense as gelykes geskep het en wat in
besonder medelye betoon met hulle wat arm of vreemd is.
Ons erken die menswaardigheid van alle mense omdat ons Glo in Jesus Christus.
Die Een wat die pyn en lyding van hierdie wêreld op homself geneem het.
Die God wat die lyding ken van hulle wat leef in situasies van geweld en oorlog.
Ons praat en leef profeties omdat ons glo in die Heilige Gees.
Die Een wat ons roep vanuit ons magteloosheid.
Die God wat aan ons 'n stem gee en wat ons roep tot handeling van medelye.
Hoop, vrede, vreugde en liefde is moontlik omdat ons God ken as Vader, Seun en Gees.
Amen.

Responsoriese klaggebed: *(Lou-Maré Denton opgeneem in Woord en Fees 2017-2018, uitgegee deur BM)*

Leser 1: Luister tog, Herder van Israel, U is die Een wat sorg, die Heilige! Wees ons naby.
Leser 2: Oral om ons sien ons geweld, onreg en die misbruik van mag – in ons huise, kerke,
dorpe en land, maar ook in strukture en ideologieë.
Leser 1: Openbaar u mag en kom help ons tog!
Almal: Almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan, verskyn tog tot ons redding!
Leser 1: Here, almagtige God, hoe lank nog sal U afsydig staan teenoor die gebed van u volk? U
het aan ons trane vir kos gegee en ons 'n beker vol hartseer laat drink.
Leser 2: Ons vrouens word verkrag, ons dogters gemolesteer, ons oumas geslaan, ons jong
meisies word mishandel en ons werkende vrouens word onderdruk.
Almal: Almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan, verskyn tog tot ons redding!
Leser 1: Hou u hand oor die mense wat deur U uitgekies is, oor elke mens wat na u beeld
geskape is.
Leser 2: Here, gee aan ons monde wat die stilte breek rondom gesinsgeweld, ore wat die
stemme van die stemlose vroue en kinders wat mishandel word hoor, oë wat die
verborge seer sien van die wat gemolesteer is en lywe wat 'n veilige ruimte skep waar
mense genesing kan vind.
Almal: Almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan, verskyn tog tot ons redding!

Verootmoedigingslitanie geskryf deur Rethie van Niekerk:

INLEIDING: In Suid-Afrika word 'n vrou elke vier ure vermoor. Die helfte van daardie moorde word gepleeg deur manlike lewensmaats (<https://africacheck.org/reports/femicide-sa-3-numbers-murdering-women-investigated/>) [*Mens sou syfers oor verkragting ook hier kon invoeg, maar dis moeiliker om na te gaan agv swak rapportering, die regsisteem wat vroue dikwels faal, ens.*] Wanneer daar gepraat word oor ervarings van verkragting, molestering en seksuele teistering, kan vrouens byna universeel opstaan en sê, "ek ook".

Soos wat Jesus Psalm 22 aan die kruis aangehaal het, haal ons dit aan terwyl ons intree vir 'n stukkende wêreld:

Almal: *My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep? (Ps. 22:2)*

Sing: Lied 279, *Hoor ons sug, o Heer; hoor ons sug, o Heer. Draai tog u oor na ons en gee ons u rus.* (sonder amen)

GEBED:

Een: Here, hoor ons wanneer ons bid vir die vroue en kinders van ons land. Ons bid vir elke vrou en kind wat al geweld, molestering en teistering beleef het. Ons bid vir liggeme wat getraumatiseer is. Ons bid dat u genesende krag ons sal dra.

Stilte

Een: Here, hoor ons wanneer ons bid vir gelowige mans, dat hulle Christus se omgee-liefde sal beliggaam; dat hulle vroue sal respekteer as gelyke lede van Christus se liggaam.

Stilte

Een: Here, hoor ons wanneer ons bid vir die mense wat hierdie gruwelike misdade pleeg. Ons bid dat u hulle sal oortuig van hul sonde en hulle tot bekering sal bring.

Stilte

Almal: Sing Lied 278, *Hoor ons bid, o Heer; hoor ons bid, o Heer. Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede. Amen.*

AFSLUITING:

Een: Ps 22:24-25

24Julle wat die Here dien, prys Hom! Vereer Hom, nageslag van Jakob!

Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel!

25Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor.

